Konfirmasie 2

Lestitel: Bykomende deugdes van Christus

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les **“Bykomende deugdes van Christus”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Bykomende deugdes van Christus
Bybelwoord	Mattheus 19: 16–22; Lukas 5: 1–11; Hebreërs 13:17; Lukas 18: 9–14; Filippense 2: 3; 1 Petrus 5: 5-6; Rut 1: 1–17; Rut 2: 2–4; 4: 13–22; Lukas 16: 10; Genesis 12: 1-2; Genesis 15: 1–6; Genesis 15–18 en 21; Romeine 12: 12; Lukas 10: 30–37
Lesdoelwit	Die doel van hierdie les is dat ons meer en meer soos Jesus Christus word, sodat die vrug van die Heilige Gees in ons sigbaar word.

Lesopsomming:

Toe Jesus klaar gepraat het met die skare wat na Hom geluister het, het Hy vir Simon Petrus gesê om met sy boot dieper in die See van in te vaar en sy vangnet te laat sak.
• Alhoewel Simon Petrus vir Jesus gesê het dat hulle reeds vis probeer vang het en nie kon kry nie, was hy steeds gehoorsaam aan Jesus en het gedoen wat Jesus vir hom gesê het.
• Hulle het meer vis gevang as wat die boot kon dra, en Petrus was verbaas deur Jesus.
• Jesus het vir hulle gesê dat Hy wou hê dat hulle Hom moet volg en vissers van mense word.

Gehoorsaamheid:
• Ons kan gehoorsaam wees uit vrees of verpligting.
• Ons kan egter ook gehoorsaam wees uit liefde en vertroue.
• Wanneer ons as kinders van God gehoorsaam is, beteken dit dat ons ons wil in lyn bring met die wil van God.
• Ons gehoorsaam Hom omdat ons Hom liefhet en op Hom vertrou.

Nederigheid:
• 'n Fariseër en 'n tollenaar het eenkeer na die tempel gegaan om te bid.
• Die Fariseër het gebid, "God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is ... of selfs soos hierdie tollenaar nie."
• Aan die ander kant wou die tollenaar skaars die tempel betree en het af gekyk en gebid: "God, wees my sondaar genadig!"
• Met hierdie verhaal spreek die Here Jesus diegene aan wat hulself as innig beskou en gevolglik voel dat hulle op ander kan neerkyk.
• Hy het gesê dat die tollenaar geregverdig huistoe gegaan het
• Die tollenaar het besef dat hy 'n sondaar is.
• Hy was nederig, het sy foute erken en dit betreur.

Lojaliteit en getrouheid:
• As gevolg van 'n tekort aan voedsel in Juda, het Elimelech, sy vrou Naomi en hul seuns na Moab verhuis.
• Na die dood van Elimelech en sy seuns, wou Naomi na haar vaderland terugkeer.
• Ruth, die skoondogter van Naomi, het daarop aangedring om by Naomi te bly en saam met haar na Juda gegaan.
• Daar het Ruth haar toekomstige man, Boaz, ontmoet.
• Ruth het ook die God van Israel leer ken en aan Hom getrou gebly.

• Om lojaal te wees, beteken om by die Here te bly en opreg te streef om te bly by wat ons beloof het, deur spesiaal moeite te doen.

Geduld:

• God het aan Abram opdrag gegee om sy huis te verlaat en na 'n plek te gaan wat God aan hom sou wys.
• Abram was gehoorsaam en het in God geglo en na Kanaän gegaan.
• God het belowe dat Hy Abram 'n groot nasie sal maak.
• Abram en sy vrou Sarai was egter al baie oud.
• Abram het God steeds geglo en geduldig gewag.
• God het Abram se naam verander na Abraham en Sarai na Sarah. Hy het sy belofte vervul toe Abraham reeds honderd jaar oud was deur vir hom 'n seun met die naam Isak te gee.
• Abraham het in die beloftes van God geglo en sy geduld is beloon.
• Ons moet ons omstandighede stil en nederig aanvaar en dit geduldig verduur.

Wanneer ons die beproewinge geduldig en met vertroue in ons Hemelse Vader verduur, en geduldig wag op die vervulling van sy beloftes, kan ons seker wees dat Hy ons meer sal gee as wat ons kan dink.

Deernis(meegevoel):

• Die Barmhartige Samaritaan het die man wat deur rowers aangeval is gehelp.
• In teenstelling daarmee het die priester en die Leviet ook die man in nood gesien, maar verkies om verby hom te loop.
• Die Barmhartige Samaritaan het deernis betoon en dit met sy dade bewys.
• Enersyds, is deernis, God se liefde, vriendelikheid en genade wat Hy aan mense skenk.
• Aan die ander kant toon ons meegevoel as ons naaste se bekommernisse ons beweeg en ons uit liefde alles in ons vermoë doen om hulle te help.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

As kinders van God moet ons daarna streef om die deugdes van Christus uit te straal.

• Ons moet gehoorsaam wees en ons eie wil onderwerp aan die wil van God.

• Ons moet nederig wees, ons foute erken en aan die Here bely. Ons moenie meer van onsself dink as van ons naaste nie.

• Ons moet lojaal en getrou wees ten opsigte van die beloftes wat ons aan God maak.

• Ons moet geduldig wees in ons omstandighede. Ons moet ook geduldig wees met die swakhede van ons naaste.

• Ons moet meegevoel met ons naaste betoon en nie onverskillig wees teenoor hul omstandighede nie. Ons meegevoel moet betoon word deur ons dade en die hulp wat ons aan ons naaste bied in hul tyd van nood.

Deur hierdie deugdes aan te neem, sal ons meer en meer soos Jesus Christus word.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Noem enkele deugdes van Christus wat ons moet aanneem.

Antwoord: Gehoorsaamheid, nederigheid, lojaliteit, getrouheid, geduld, deernis

2. Watter deugde het Abraham gehad, en waarom kies jy hierdie deugde vir Abraham?

Antwoord: Geduld. God het belowe dat Hy Abraham 'n groot nasie sal maak, maar Abraham en sy vrou was al oud. God het nie dadelik sy belofte nagekom nie. In werklikheid het baie jare verloop en Abraham en sy vrou was nog steeds kinderloos, so, daar was geen teken van God se belofte nie. Abraham het egter geduldig gebly. God het sy belofte vervul toe Abraham reeds honderd jaar oud was en vir hom 'n seun gegee het. Daar het inderdaad 'n groot volk uit Abraham ontstaan.

3. Gee 'n voorbeeld uit die Bybel waar iemand meegevoel vir 'n ander persoon getoon het.

Antwoord: Die Barmhartige Samaritaan betoon meegevoel met die man wat deur rowers aangeval is en het hom nie net met woorde nie, maar ook met dade gehelp.

4. Hoe kan ons meegevoel teenoor ons medemens betoon?

Antwoord: Ons kan meegevoel betoon deur diegene in nood te help.

Opmerking: Die kinders kan hierdie vraag op baie verskillende maniere beantwoord, solank hul antwoorde daarop neerkom om diegene in nood te help.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag
Seën alle ouers en kinders
Mag ons u teenwoordigheid aanvoel
Seën die les wat ons gaan hê
Leer ons hoe om U te dien
En help ons om U wil te doen
Sodat ons nader aan U kan groei
Stuur Jesus om ons te kom haal
En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet
Amen